# Die WAPAD

No. 6 — 23 JUNIE 1950. — 3/- per jaar.

# HOOFITEM VAN INTERVARSITY TEEN U.P. IN WEEGSKAAL

**Ja, dis alweer sulke tyd: Intervaristy tussen Pukke en die volgelinge van „Oom Gert."**

**Of Oom Gert nou saamkom of nie, die Tukkies kom wel. Saterdag sal ons hulle in hulle massa op Potchefstroom kan verwelkom, want dan vind op bykans elke sportgebied 'n botsing plaas.**

Wat getalle ens. betref oortref die Tukkies ons by verre, en op hierdie gebied kan ons ons skaars vergelyk met hulle. Maar dit wil nie sê dat hulle ons ook só op die sportgebied oortref nie. Op hierdie gebied het die Pukke die Pretorianers nog altyd moeite besorg. Ons dink nou bv. aan daardie heerlike ou pakkie van 94—16 wat die Tuks verlede keer hier op die korfbalveld kom haal het. En hulle voel tans nóg so sleg daaroor dat hulle ten enemale verseg om weer vanjaar teen die Pukkies korfbal te speel.



**F. J. L. Steenekamp.**

**Op die gebied van rugby was Tuks soms egter te goed vir ons, en ander kere weer baie, baie gelukkig om te kan wen. Die afgelope paar jaar het U.P. egter elke keer nog die oorwinning behaal, hoewel dit soms baie naelskraap was. Ons wil hulle weereens daarmee gelukwens.**

Maar om die verlede te vergeet en die oog na die hede te wend. Wat sal hierdie keer gebeur? Dit is sommer 'n groot vraag! In Noord-Transvaal het U.P. tot dusver nog maar swaar gelewe terwyl P.U.K. aan die ander kant bo-aan die punteleer in Wes-Transvaal staan. Maar ons moet darem onthou dat die rugbie-standaard hier sommer baie laer is as n Pretoria. Een ding staan egter vas: wanneer die twee eerstespanne Saterdagmiddag op die veld draf, sal nie een van die twee kante seker van 'n oorwinning wees nie. P.U.K. beskik vanjaar oor een van die beste spanne vir baie jare. Dit is tans nog onseker om te bepaal wie Saterdag in die eerste span gaan speel en wie nie, want daarvoor is die indiwiduele kompetisie baie sterk.

(Vervolg op Bls. 5, Kol. 1).

## Program op Bls. 12

### OP JOU POS!

**Die Intervarsity teen Tukkies is 'n werklikheid. Die stryd het begin—'n stryd tussen twee inrigtings om elk hulle verskillende vestings te behou.**

**Daarom kom die wekroep na elke P.U.Kaner: WEES OP JOU POS OP ALLE GEBIEDE, gedurrende die debat, op die tennis-, jukskei-, en hokkiebane, op die korfbalveld, op die voetbalveld!! Sterkte aan alle spelers—veg soos Trojane: Doelbewus maar skoon! Op elk van u skouers rus u Alma Mater.**

**Die wekroep kom ook na die toeskouers op die pawiljoen: Sing en skree. Ja u moet saamveg!**

**Bo al die geraas en geworstel staan een saak egter vir ons vas: Ons is studente van die P.U.K. met sy beginsel. Toon in u hele optrede dat ons beginsel 'n lewende beginsel is.**

**Ek wens u almal, Tukkies ingesluit, 'n aangename intervarsity toe. Ons gaan saamspeel, saam lag, saam vrolik wees . . . Almal saam wen of almal saam verloor.**

**WILLEM DE KLERK,**
**(Voors. S.R.)**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER

**J. P. V.D. WALT.** L.F.V

Apteker

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**

Foon 929,

**POTCHEFSTROOM.**

* * *

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

**PLAZA-KAFEE**

(Onder persoonlike toesig van Mnr. en Mevr. Ferreira).

* * *

Vir——

GOEIE EN NETJIESE DIENS,

Probeer die

**PLAZA,**

**Die Sportman se Kafee.**

**Foon 249.** **Kerkstraat 109.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEË.

BIBLIOTEEK P.U. C.H.O.

# *Die Wapad.*

23 Junie 1950.

## STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur** P. J. W. Louw. **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse.

**Hulp-Adviseur:** J. T. Herselman.

**Subredakteure:** J. H. Booyens, D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** C. Malan (waarnemende voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Rand

## WELKOM TUKKIES IN PUKKIE-LAND!

**Ons universiteit—ja almal: Studente, professore en lektore roep julle 'n hartlike welkom toe. Ons wil die hoop uitspreek dat julle die verblyf hier sal geniet en saam met ons in 'n aangename gees op die sportvelde sal verkeer. Mag hierdie interuniversitêre sportbyeenkoms weer getuig dat die gesonde gees en samewerking tussen die studente van ons twee inrigtings van die verlede nog lewe. Sterkte aan al julle spanne! Die beste span sal wen!**

## DIE EINDE VAN DIE BEGIN

Die eerste lang skof is agter die rug en blaastyd het aangebreek. Ons kan terugkyk op 'n jaar wat goed begin is. Ons het al verder gevorder as slegs die aanvoorwerk—dit is al die einde van die eerste helfte van jaar van aktiwiteite.

Elke liggaam en vereniging het sy eie arbeidsveld, elkeen het sy eie doel en roeping in ons studentelewe.

Met die aanbreek van die einde van die eerste semester van 1950, het alle werksaamhede tot stilstand gekom. Van hierdie stilstand maak one gewete gebruik om verantwoording vir die afgelope skof te eis. Toon dit wat verrig is, dat daar met doelbewustheid en roepingsbewustheid tot dusver gewerk is?

Om student te wees in die ware sin van die woord moet daar nie net gestudeer word nie maar ook meegedoen word in die aktiwiteite van die studenteliggame wat hulle dit ten doel gestel het om die student op al die terreine van die lewe, voor te berei vir die lewe. Daarom is dit die plig van elke student om aan minstens een liggaam van elke hoofterrein se werksaamhede deel te neem. Korps V.V. beywer hom vir Christelike ,A.S.B. vir die nasionale, A.B.R.K. vir die kulturele en die S.S.B. vir die liggaamlike ontspanning.

Nou kom die vraag by ons op of dit wel ons doel was om volwaardige studente te wees. Al die geleenthede word gebied om volkome gevorm te word vir die lewe—word daarvan gebruik gemaak? of doen ons net mee waar ons besondere talent ontvang het?

Word die vurige nasionalis by Korps, Debat of op die Sportveld gesien? Steek die goeie atleet of rugbyspeler nie soms sy lyf weg as daar vir die nasionale of Calvinistiese of kulturele sake beywer word nie?

Vir diegene wat sy plig versuim het in een of ander opsig of wat die pas afgelope twee kwartale sommige toue 'n bietjie slap laat hang het, ONTHOU: Dit is maar nog net die EINDE VAN DIE BEGIN. Daar is nog geleentheid in die ander halfjaar wat kom om te rehabiliteer en re-oriënteer.

# P.U.K. PRESTEER OP F.A.T.S:A:-STREEKFEES

**Vir die F.A.T.S.A. STREEKFEES wat op 9 en 10 Junie op Potchefstroom ingeskryf:**

**"Sunset in September" afgerig deur Mej. V. Martin.**

**"Mamma het Planne" afgerig deur Prof. G. T. S. Eiselen.**

**"Kerse teen die Wind", afgerig deur Prof. G. T. S. Eiselen.**

**Die peil van die spel gelewer op die fees was deurgaans baie hoog. Veral moet melding gemaak word van die hoë standaard bereik deur "The Valiant" opgevoer deur die PERSONEEL en STUDENTE van die P.O.K.**

Op die feeste het die P.U.K. werklik baie goed presteer. Vanjaar het die Toneelvereniging vir die eerste keer 'n Engelse stuk ingeskryf en hierdie prestasie word verhoog as in gedagte gehou word dat die stuk **"Sunset in September"** geskryf is deur een van ons eie personeellede, **Prof. R. E. Davies.**

Die beoordelaars het ook Prof. Davies geluk gewens met hierdie besonder goeie eenbedryf. Hulle kritiek het ook getoon dat **Mej. Martin** sowel as die spelers eer van hulle harde en tydrowende werk het.

In die Afrikaanse afdeling het die P.U.K. weer die louere van verlede jaar gehandhaaf. „Mamma het Planne" het saam met "The Valiant" van die P.O.K. 'n plek op die fees verower. Hierdie feit spreek vir homself—Prof. Eiselen en die spelers verdien eer vir hulle werk!

Ook „Kerse Teen die Wind" het goeie kritiek gekry.

Geluk aan die **Toneelvereniging, Prof. Eiselen Mej. Martin en Prof. Davies.**

## VAN S.R.-WEË . . . I.

Die einde van die eerte semester het aangebreek. Die eerste skof is agter die rug. Met die grootste vrymoedigheid kan die Studenteraad getuig dat alles wat in hierdie semester aangepak is, met sukses voltooi is of nog voltooi sal word. Van die werksaamhede van die jongste verlede word hier geen verslag gegee nie. Op die afsluiteings-massavergadering sal u volledige verslag voorgehou word.

* * *

Die Toergeselskappe van die **Alabama** en die **Toneelvereniging** word alle sukses deur die Studenteraad toegewens. Dra die vaandel van u Alma Mater met eer!

* * *

Gedurende die Julievakansie vind daar 'n **Hokkietoernooi** te Durban plaas. Ons Hokkiespanne geniet die volste vertroue van die Studenteraad en studente en ons weet dat u sukses sal behaal. 'n Oorwinning is maar een deeltjie van sukses.

* * *

**'n Inter-Universitêre Konferensie** vind die 3de en 4de Julie plaas. Die Studenteraad wil sy studente verseker dat hulle ons beginsel onomwonde en met krag sal verdedig en dat ons doelbewus sal trag om die basis van kontak te vind.

* * *

Die A.S.B.- en Korps-Kongres vind eersdaags plaas. Sterkte.

* * *

**Die Studenteraad wil namens al ons studente ons innige meegevoel getuig teenoor Roelf Buys met die afsterwe van sy vader. Mag die Here u goedgunstiglik die genade skenk om hierdie beproewing in die geloof te aanvaar.**

Voyager upon life's sea:—
To yourself be true
And what e'er your lot may be,
Paddle your own canoe.

**Edward P. Phipots.**

* * * *

I would rather sit on a pumpkin and have it all to myself, than to be crowded on a velvet cushion.

**Thoreau.**

* * *

The secret of patience is doing something else in the meanwhile.

**Readers' Digest.**


*Die Kwaliteit tel altyd.*

**Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.**

* * *

**Sportbaadjies—Embassy.**
**Sportbroeke—Alba.**
**Sportskoene—Master 6.**
**Nuutste Hoede—Battersby.**
**Pakke Klere—Perfection.**
**Reënjasse—Durburg.**
**Pyjamas—Monatic.**
**Hemde—Consulate.**
**Onderklere—Meridian.**
**Dasse—Tootal.**
**Kouse—Wolsey.**
**Kruisbande—Guyot.**

* * *

**ALLES VERKRYGBAAR BY**

**TOD SUTTIE'S**

**Die Mans Klerewinkel.**

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**

**BEPERK**

**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

SPRINGBOK SKOENREPARASIE

ONS LEWER DIENS MET SPOED GEKOMBINEER.

**Kerkstraat 51. Foon 1075.**

**POTCHEFSTROOM.**

Potchefstroom
se Mees Moderne
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

**BY**

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)
**Posbus 221. Foon 440.**

DU TOIT & ELOFF
**(Edms.) Bpk.**

J. M. BRINK,
Alleen Bestuurder.

**MANS KLERASIE EN**
**KRUIDENIERSWINKEL.**
**Spesiale Afslag aan Studente.**

KOM SIEN ONS
vir u
**FOTOGRAFIESE-**
**en**
**APTEKERSBENODIGDHEDE.**

GEEN EN VELLEMAN,
**King Edwardstraat 124,**
**POTCHEFSTROOM.**

I. GLASER,
**KING EDWARDSTRAAT 83.**

Die beste vir
**OMEGA - HORLOSIES**
**EN VERLOOFRINGE.**

**Diens en Waarde is ons Leuse.**

**Foon 218. Bus 248.**
**Potchefstroom.**

# -: *KORRESPONDENSIE* :-

## DIE P.U.K.-MANS SKRYF HUISTOE.

Gathlandia,
Posbus 009,
7 Junie 1950.

Beste Pa-goed,

Ek voel vanmôre weer baie droef te moede, want ek het rêrig baie sleg gekatel sjeesternag. Ek het ok sulke nare drome gehad en vieslike gesigte gesien, Pa, dis nou nie altemitters nie. Ek voel eintlik anheppie vemorre.

Maar dis nie dit wat my so sleg laat voel nie. Pa weet hier gaan mos sulke vreeslike dinge op die P.U.K. aan. Dit kan strakkies nog 'n gemorstery afgee. **Die moeilikgeid is dat die Kolhase daar by ons op die plaas, skop jy sommer agter elke bos hier op die P.U.K. 'n man uit. Pa weet, en nou probeer al die baie mans mos om „witty" te wees teenoor die dames. Hulle (die dames) lag hulle wraggies nog dood.** Dit sal vreeslik wees, Pa, want hier is reeds so min dames en met wie kys ek dan? Ai, hete toggie, Pa ek wens rêrig die mans willie meer so „witty" wees nie. Dan sal ek sommer weer baie lekker slaap.

En Pa, hier in ons „Sing-Songs" sit en skrou ons mans mos so vreeslik as die dames in die saal inkom. Die arme goed raak vreeslik verbouereerd. Pa. Maar dis nie al nie Pa, nou staan ons dirigent (dis die P.U.K.-man wat ons dirigeer as ons sing) mos sulke snaakse manewales en maak daar op die verhoog. Ek is 'n man en is nie vir hom bang nie, ek lag net, maar ons dames is mos dames en hulle word vreeslik bang vir hom, Pa. Hulle dink hy is mal. Nou wil hulle nie meer saam met hulle kêrels „sing-songs" toe kom nie. **Hulle dink al ons mans is maar so en is bang dat ons almal ook sal mal word as ons hulle in die donker kry.** Dis 'n vreeslike ding hierdie, Pa en ek weet nie wat om te maak nie. Pa weet, ek is mos so lief vir ons dames. (O, ja, Pa weet 'n dame is die soort vrouens wat ons hier op P.U.K. het).

Ek het nou-die-dag 'n maand gelede vir Willempie raakgeloop hier en hy laat weet groete vir Pa-goed. Sê ook groete aan oom Petrus en veral vir Santjie.

VAAL-JAPIE.

Geagte Redakteur,

Gerugte van 'n Fotografiese vereniging aan die Universiteit van Potchefstroom doen tans die rondte onder ons studente. Waarom daar nog nie daarwerklik tot so 'n stap oorgegaan is nie moet blykbaar daarin gesoek word dat daar nog nie genoeg van ons is wat bewus is van wat so 'n' vereniging nou juis is of wat dit hom ten doel stel nie.

**Die eerste en grootste doel van so 'n vereniging sal wees om deur middel van lesings en praktiese demonstrasies aan almal wat geïnteresseerd is, te leer hoe om sy of haar kamera reg te gebruik, daardie latente beelde self te ontwikkel en af te druk. Wat 'n kennis van fotografie vir apteker en ander wetenskaplike studente sal beteken, is vir my onnodig om te sê. Ek dink o.a. aan die entomoloog met sy insekte, die geoloog met sy klippies en aan die dier- en plantkundiges wat in 'n gevorderde studie baie nut van mikrofotografie sal hê en dan ook aan fotografiese kopiëring van grafieke ens. vir tesis werk.**

Die B.A. en kunsstudente sal eweveel baat vind by so 'n vereniging. Almal van u het al op een of ander tyd 'n mooi toneeltjie gewaar, na 'n potlood of pen of selfs kwas gegryp en probeer. Baie het geslaag, ons haal ons hoede af vir hulle, maar meer was hoede af vir hulle, maar meer was teleurgesteld en na baie pogings moedeloos. Die skeppingsdrang het egter gebly. Êrens in 'n' kas of plek lê egter nog 'n vergete ou bokskamera of twee. Vir baie was dit wel nie vergete nie maar die produk tog weer so teleurstellend, 'n diep blou lug kom spierwit, daardie pragtige ou boom pikswart en die gemoedelike piekniekmakers omtrent onerkenbaar. As u geweet het HOE, was dit natuurlik anders.

Die man met sy kwas laat hier 'n boompie weg en las daar 'n heuweltjie in. In kort, hy gee die toneel weer soos hy hom sien. Met fotografie is dieselfde moontlik. Daardie foto van die plaasbrug met laaghangende wilgertakke is nou wel baie mooi, maar as outa Jan maar net toe met sy skapies ook op die brug wou opdaag. Nou goed, vat daardie boksie, gaan

(Vervolg op Bls. 5, Kol. 1).

(Vervolg van Bls. 4, Kol. 3).

soek vir outa Jan waar hy ookal is, neem hom af en die vereniging sal vir u beduie hoe om nou vir outa Jan met sy skapies op daardie plaasbrug te kry.

Teëstand wat altyd teen fotografie geloods word is die groot onkoste daaraan verbonde. U betaal tans vier pennies vir 'n foto van gewone grootte. AS u daardie foto self hon druk het dit u minder as 'n pennie gekos. Vir 'n toegeruste donkerkamer sal ons geagte S.R. finansieël weer ongelukkig moet deurloop maar nie vir lank nie want glo my so 'n vereniging betaal homself.

Laat my toe om so optimisties te wees om in die toekoms mededinging op die internasionale, interuniversitêre en jeugsalon en 'n eie film oor die P.U. se wordingsgeskiedenis (hier roep ons die toneelvereniging in) te sien.

W. A. ODENDAAL.

Baie getroudes is soos twee handskoene, hulle is goed gemaak en pas goed maar ongelukkig is hulle nie 'n paar nie.

* * *

Min mense is in staat om in 'n geselskap uit te blink, maar dit is binne die bereik van almal om aangenaam te wees.

Maar ons kan sake in wye perspektief beskou. Om te begin by die voorstes. Hier het ons **Hoppie** wat so vas soos 'n boom in die skrums staan en 'n bars speel, en naas hom **Styger.** As ons daaraan dink dat hy 27 van die 36 skrums teen P.O.K. gewen het, kan P.U.K. gerus voel oor hul haker. **Beyers** met sy 220 lb. gewig aan die ander kant van die voorry is menigeen se Moses. Dan het ons sulke reuse soos **Campbell** en **Rooi Koos** in die slotte wat ook hulle papiere het in die lynstane. Die losvoorspelers sal natuurlik ons kaptein, **Stoney**, wees met **Prinsloo** en **Murray.** Nou ja, **Plattie** en **Schwellnus.** En ons ken hulle. Dan nog **Piet Viljoen** wat eintlik nog met die kinders onder-19. moes speel, maar met gemak eerstespan senter speel. **Fires** met sy blitsvinnige swenk en die „brilliant and nippy" **Fanie Bezuidenhout,** om nie eers te praat van **Brink** en **Botha** op die vleuels nie.

**In P.U.K. se span is daar nêrens juis 'n swak skakel nie. P.U.K. se samespel is vanjaar skitterend, en as hulle met mening begin speel en vas oortuig is dat hulle U.P. kan klop. Nou ja, ons is seker hulle kan.**

Tog is daar swak puntjies. En dit is dat die P.U.K. se voorspelers uitgesluit van **Stoney** soms baie stadig is om skoppe op te volg, of om vinnig terug te val om te verdedig. Teen U.P. met sy wakker voorstes sal P.U.K. dit nie kan bekostig nie.

**Aan die ander kant speel Tukkies vanjaar rugbie uit die boonste rakke. Ons wat hulle al in aksie gesien het weet dat hulle nie 'n span is wat sonder handskoene aangepak kan word nie. Hulle woel in die losspel, en verder speel hulle oop en baie aanskoulike rugbie. U.P. se kragpunt is ongetwyfeld hulle skitterende samespel, en dit kan moontlik 'n deurslaggewende faktor wees.** Maar in hulle geledere is ook rugbie-reuse. Hier op Potchefstroom ken ons vir **Ernst Dinkelman.** Maar as dit maar al was. In U.P. se geledere is nog sulke beweeglike voorspelers soos **Odendaal** en **Swiegers.** Die gevaarlikste man in hulle agterlyn is seker die blitsvinnige vleuel **Skead.** Die Pukkies sal hulle oog maar goed op hom moet hou, want as hy sy plek hier teen die kantlyne ingeneem het om 'n dwarsskop op te volg, is hy baie moeilik om te stuit. U.P. se ander staatmaker is beslis **L. Vlok** in die heelagterposisie. Sy skopwerk is sekuur, en as hy die bal in die hande kry, kan hulle daarvan seker wees dat hulle baie ver teruggedryf sal word.

Wel, dis intervarsity. Wie wen of verloor, dit sal immers 'n baie mooi wedstryd wees, want albei die spanne hou daarvan om die bal rond te slinger. En bo alles: Dit is twee Afrikaner-universiteite teen mekaar. En intervarsity is die teken van vriendskap.

Wat ons ander spanne betref. Die **Onder-19** het aan die begin van die jaar uitmuntend begin, maar ongelukkig het hulle die afgelope tydjie begin verswak. As hulle egter weer met die ou vorm voor die dag kom, sal Tuks moet keer. Daar is **Zulu, Vellema** en **Durandt, Van Wyk, Dreyer, Wouter,** en nog meer. Hulle kan as hulle wil. Ons **tweedespan** stel vanjaar bietjie teleur. Met manne soos **„Van," Frik, Koos, Kaspaas,** ens. in die agterlyn, en **Ligthelm** en **Viljoen** onder die voorstes, behoort hulle 'n gevaarlike kombinasie te vorm.

L. S. KRUGER.


EXCELSIOR MEUBELS
Beperk.

Ons lewer die beste gehalte
MEUBELS
teen die laagste pryse.

Besoek Ons en ons verseker U van ons beste dienste.

VERTOON LOKAAL:
**Foon 743. Kerkstraat 132,**

BESOEK

LAURETAS

vir

**ALLE BREIWERK**

en die nuutste modes in

**KOSTUUMS.**

**Kerkstraat 45,
POTCHEFSTROOM.**

*Studente!*

As u gaan Fliek, of in die dorp kom

BESOEK

**ASTRA MILK BAR**

**(LANGS DIE GRAND).**

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

F. ZEILER

**Potgieterstraat 40. Foon 344.**

**Potchefstroom**

vir al u benodigdhede i.v.m. die Skoonmaak van u woning.

**VERF,**

**GLAS,**

**PLAKPAPIER,**

**ens.**

GAMSU-SLAGTERY
(Eienaars: Randse Koelkamers).
Telefoon 76. Posbus 166.
Direkteure:
E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.
**Kerkstraat 72,**
**POTCHEFSTROOM.**
Ons verskaf die beste kwaliteit
**VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.**

**LUCILLE**
DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die
Jongste.
Foon 62.
**Kerkstraat 146,**
**POTCHEFSTROOM.**

**J.N.J. KRITZINGER**
FOTOGRAAF
**ROYAL HOTEL-GEBOU,**
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**POTCHEFSTROOM.**
**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**
Kyk dan eers na ons Foto's (in ons
Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

**W. J. SPAVINS EN SEUN**
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.
**KERKSTRAAT 65,**
**POTCHEFSTROOM.**

# „ONS GAAN WEN!" SÊ DIE MANS - SPORTKLUBS

**Tukkies, julle dae is getel. Julle dames het al geskrik—vanjaar gaan die mans ook skrikgemaak word. Luister maar na die kapteins van die manssportklubs. Hulle is veterane en die woorde wat hulle spreek, dra gewig,**



## Steve v.d. Merwe (Manshokkie).

24 Junie . . . . Die manshokkieklub is oorgehaal vir die Tukkies want ons beskik twee baie beweeglike en sterk spanne. Glo ons, die Tukkies sal moet bontstaan om die rooi truie te keer, en daarby sal hulle aanval hulself moet ken om die P.U.K.-agterspelers om te lê.

Anthou Tukkies, vyf stokke wat vinnig en sekuur gebruik word, sal sorg dat dit wit plank meer as een keer voor hulle klap. Daarby is Frans vasberade om sy gebied „skoon" te hou.

Ek hoop ons speel lekker, Tukkies.



## Roelf Buys (Tennis).

Te oordeel aan die geesdrif waarmee die Pukke hulle vanjaar op tennis toegelê het, lyk sake maar sleg vir die Tukkies, te meer nog daar een van ons spelers tennis as hoofvak neem. Die ou veterane het plek gemaak vir 'n jong, maar geoefende span, wat weet hoe om 'n bal te keer en rond te moker. Ons is vasberade om die Tukkies vanjaar van hoek tot kant te laat hardloop, maar om dit goed reg te kry is die Pukke se ondersteuning langs die bane baie nodig, hoewel die noodsaaklikste van alles is, dat die aangename gees van die verlede weer sal heers wanneer die rakette swaai.

## H. Schutte Jukskei.



Saterdagoggend 8 uur begin die penne klap. Die dames sowel as die manspanne beskik oor goeie talent en is duidelik reg vir die Tukkies. Kom Pukkies kom gee die ondersteuning en die geskiedenis sal homself gewis weer herhaal.

Vir julle Tukkies sê ons baie welkom en ons weet die spel sal weereens aangenaam en gees goed wees.

H. J. SCHUTTE (Kapt.)

# DIE P.U.K.-DAMES IS OOR-GEHAAL HAAL VIR U.P.!

**Wat kom daar aan? Is dit Tukkies of 'n sak-en-as protes teen die skaarste van sykouse? Nee, dit is die intelligentia van Pretoria wat met P.U.K. wil kom kompeteer op die sportveld. Welkom! Maar ons wil 'n woord of twee aan die adres van ons Tukkie-vriendinne rig, voordat ons hulle met die kous oor die kop terugstuur:**

Soos alle ander jare het ons dames hierdie jaar ook nie gras onder hulle voete laat groei nie.

## Hokkie.



Fransie de Wet.

Die hokkiedames was sommer baie bedrywig, want afgesien van 'n uiters interessante lesing deur Kapt. Power, is verskeie wedstryde gespeel.

Teen **Girls' High** het die Taaies van P.U.K. 5—2 gewen; teen **Volkskool** 4—1 en teen **Handelskool** 4—0 gewen. Die eerste- en tweedespan het self ook hulle kragte teen mekaar in 'n ligawedstryd gemeet—en die uitslag was in die Taaies te guns. **Verder het die 2de span gelykop teen Klooster en Handelskool** gespeel. Die 2B span het 1—0 teen Volkskool verloor.

Afgesien van al die hokkie-bedrywighede was daar altyd die besef dat dit die 24ste Junie intervarsity is! Almal is al die ene opgewondenheid en vasberade om te wen. En soos julle almal weet as die eerste hokkiespan die dag besluit om te wen, dan wen hulle en niks en niemand sal hulle stuit nie. **Tukkies, hou maar julle maermerries uit die pad as Fransie—die hokkie-kêppie, vanuit die agterhoede die bal vorentoe stuur, sy kan 'n bal slaan! Luister nou net wat sy self sê:**

Tukkies, ons sien gretiglik uit na julle koms en veral na die botsing op die hokkieveld. Ek wil julle egter net waarsku dat ons nie sommer-so is nie. Het julle al van **Stella** gehoor Tukkies? Die 24ste Junie sal julle sien hoe hierdie kampioen-naelloopster van ons doelpale toe kan hardloop. En dan is daar nog **Mevr. Loots** wat met vasberadenheid veg vir 'n bal en oorwin. Tukkies julle moet nog sien hoe ons voorlyn kombineer. Die bal vlieg van Hélène na Stella, dan na Mevr. Loots, **Kotie** en **Rina**—en moe nie dink **Hertha, Ann** of **Marie** laat 'n bal verby gaan nie—en **Fransie** en **Ina** is absoluut seker daar heelagter. **Corrie** sal dus nie veel werk kry in die doelpale nie, maar ás 'n bal verbygaan sal Corrie weet wat om te doen.

Laaste maar nie die minste nie, kom die **Benoudes, alias die B-span.** Al verdedig hulle so benoud-benoud, en al skiet die voorlyn so knyp-knyp, sal julle wat Tukkies is nog maklik so 'n benoude neerlaag huistoe saamneem! Tukkies, ons sien uit na die botsing—en Pukkies, julle weet wat van julle verwag word.

**(Pukke, ons gaan nie teleurstel nie —ons sál wen).**

## Korfbal.



Heleen Scheepers

En nou kom ons by die korfbal Pukke. Almal is bekend met hierdiie eerste en tweede span se pragtige spel. Mens kan gewoonlik jou oë nie glo as jy sien hoe die bal in 'n blitssnelle beweging vanaf Stella, Henriette en Izbrandt na Hélène, Cecilia en Heleen vlieg en vandaar na Thresia, Monica of Ina wat dit seepglad deur die ring laat gly nie.. Die tweedespan gee die eerstespan dikwels opdraand en albei spanne word tereg deur al hulle teëstanders gevrees. Ons wil hierdie twee spanne dan ook gelukwens met hulle skitterende oorwinnings teen Koppies en Parys. Graag wil ek nou hulle kapteine aan die woord stel—ek dink Hélène het 'n hele klompie op die hart—en ons wil die korfbal-speelsters verseker dat al wat 'n P.U.Kaner is, saam met hulle

(Vervolg op Bls. 11. Kol. 1)

W. J. GROBBELAAR

DAMES EN HERE HAARKAPPER.

*MARCEL EN WATERGOLWING.*
*PERMANENTE HAARGOLWING.*

allernuutste waarby ingesluit die modieuse „Cold Perm."

*Helen Curtis Machineless Oil Perm,*
*Jamal Machineless Cream Perm.*

BEKWAME BEHANDELING GEWAARBORG.

Agente vir

SIGARETTE, TABAK EN FANTASIEGOEDERE.

Tel. 330. KERKSTRAAT 92, POTCHEFSTROOM.

GAMSU-SLAGTERY
(Eienaars: Randse Koelkamers).
Telefoon 76. Posbus 166.
Direkteure:
E. M. Wright,
K. de J. Hofmeyer.
I. J. D. Wentzel.
Kerkstraat 72,
POTCHEFSTROOM.
Ons verskaf die beste kwaliteit
VLEIS, VIS, HAM en PLUIMVEE.

LUCILLE
DIE ROK SPESIALIS
Altyd eerste met die
Jongste.
Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

J.N.J. KRITZINGER
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
Kerkstraat 84, Telefoon 455,
POTCHEFSTROOM.
AS U 'N FOTO WIL SKENK,
Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

W. J. SPAVINS EN SEUN
VIR ALLE
Elektriese Benodighede,
Draadlose, Koelkaste.
KERKSTRAAT 65,
POTCHEFSTROOM.

# „ONS GAAN WEN!" SÊ DIE MANS - SPORTKLUBS

**Tukkies, julle dae is getel. Julle dames het al geskrik—vanjaar gaan die mans ook skrikgemaak word. Luister maar na die kapteins van die mans-sportklubs. Hulle is veterane en die woorde wat hulle spreek, dra gewig,**



## Steve v.d. Merwe (Manshokkie).

24 Junie . . . . Die manshokkieklub is oorgehaal vir die Tukkies want ons beskik twee baie beweeglike en sterk spanne. Glo ons, die Tukkies sal moet bontstaan om die rooi truie te keer, en daarby sal hulle aanval hulself moet ken om die P.U.K.-agterspelers om te lê.

Anthou Tukkies, vyf stokke wat vinnig en sekuur gebruik word, sal sorg dat dit wit plank meer as een keer voor hulle klap. Daarby is Frans vasberade om sy gebied „skoon" te hou.

Ek hoop ons speel lekker, Tukkies.

## Roelf Buys (Tennis).

Te oordeel aan die geesdrif waarmee die Pukke hulle vanjaar op tennis toegelê het, lyk sake maar sleg vir die Tukkies, te meer nog daar een van ons spelers tennis as hoofvak neem. Die ou veterane het plek gemaak vir 'n jong, maar geoefende span, wat weet hoe om 'n bal te keer en rond te moker. Ons is vasberade om die Tukkies vanjaar van hoek tot kant te laat hardloop, maar om dit goed reg te kry is die Pukke se ondersteuning langs die bane baie nodig, hoewel die noodsaaklikste van alles is, dat die



noodsaaklikste van alles is, dat die aangename gees van die verlede weer sal heers wanneer die rakette swaai.

## H. Schutte Jukskei.



Saterdagoggend 8 uur begin die penne klap. Die dames sowel as die manspanne beskik oor goeie talent en is duidelik reg vir die Tukkies. Kom Pukkies kom gee die ondersteuning en die geskiedenis sal homself gewis weer herhaal.

Vir julle Tukkies sê ons baie welkom en ons weet die spel sal weereens aangenaam en gees goed wees.

H. J. SCHUTTE (Kapt.)

LAAT


**TRANSAFRIKA**

**U rigting gee, soos ons tienduisende gehelp het om 'n skitterende sukses van hulle lewens te maak.**

Behalwe die gewone grade is Transafrika se profesionele en handelskursusse dwarsdeur die land bekend. Op hierdie gebied bied ons o.a. lesings in die volgende afdelings aan:—

Sekretarisskap, Boekhou, Rekenmeesters, Bankierseksamens, Eksamens van die Instituut van toelatingseksamen, Notariële- en Administrasie en Handel, Prokureurs-Wetseksamens, Diploma in Handel en Koöperasie.

Ook kursusse van 'n algemene aard soos:—Skryfkuns, Motormeganika, Boukonstruksie en Tekene, Bantoe Diplomas, eweas Myneksamens word deur Transafrika aangebied.




**'N HARTLIKE UITNODIGING.**

U word hartlik uitgenooi om die Registrateur persoonlik in verband met u toekomsplanne en voornemens te kom spreek. Indien dit nie moontlik is nie, vul hierdie koepon in en pos dit aan ons wanneer die nodige inligting onmiddellik aan u verstrek sal word.

**Die Registrateur (Afd. D.W.)**
**Transafrika,**
Posbus 3512, Johannesburg.
Stuur my asb. besonderhede van die volgende:
Kursus(se) ..........
Naam ..........
Woonadres ..........
.......... Posbus .......... Tel. Nr. ..........
Huidige Beroep ..........
Laaste eksamen afgelê ..........
Ouderdom ..........

***TRANSAFRIKA***

Transafrikagebou,
H/v. Harrison- en Wolmaransstr.,
Johannesburg. Foon 44-3768.




# THEOS. VERSTEWIG KANSE OM NESER-BEKER TE BUIT DEUR DORP TE KLOP.

**Met hulle oorwinning van 8 punte teen nul oor dorp se eerste span op Saterdagmiddag 10 Junie het die Theos hulle stand op die puntelys van NESER-BEKER aanmerklik verstewig. Hulle loop tans met drie punte voor die span wat tweede op die lys is.**

Die wedstryd was deurgaans taai en hard, maar hoofsaaklik 'n stryd tussen die voorspelers waar die P.U.K. beslis die botoon gevoer het.

Die eerste helfte het verloop sonder dat enige punte aangeteken is. In die loop van die tweede helfte het die eerste punte gekom toe **Schwelnuss** 'n oordeelkundige dwarsskop gelos het. **Fanie Bezuidenhout** het vinnig opgevolg en die bal tussen die dorp spelers toegeval om drie (3) punte vir P.U.K. aan te teken. **Platbos** se vervyfskop het geslaag en P.U.K. het 5—0 voorgeloop. Daarna het **Murray** 'n strafskop deur die pale gestuur om die eindtelling op 8—0 te staan te bring.

Dorp het egter ('n moedige poging aangewend en verskeie verwoede aanvalle geloods, dog goeie verdediging deur die P.U.Kaners het hulle pogings laat misluk. In die verdediging was dit veral **Piet Viljoen** se laagvat en uitstekende posisionele spel wat die oog gevang het.

* * *

Op 31 Mei het Theos en die Navy teen **Koppies** te staan gekom. Die spanne is goed ontvang, en harde, aanskoulike spel is gelewer. Theos kon terugkeer met 'n oorwinning van 18—13.

* * * *

Die wedstryd teen **Normaal** op 3 Junie het ewe aanskoulik verloop. Die Pukke het straf aangeval, en **Schwellnus** het pragtig gebreek. Na rustyd is 'n obstruksie-drie, vervyf deur **Platbos**, toegeken - nadat **Styger** met die bal voor sy voete oor die doellyn genael het, en weggestamp is. Eindetelling: 5—0 in Theos se guns.

Teen **Garnisoen** kon Theos op Woensdag 7 Junie wen met 12—11. Vroeg in die wedstryd het Garnisoen se losskakel 'n skepskop oorgesit. Die eerste punte vir die Pukke is aangeteken deur **Platbos** wat 'n strafskop waargeneem het. **Piet Viljoen** kon 'n skepskop oorsit, dog gou hierna het Garnisoen se losskakel op dieselfde wyse hul puntetelling verdubbel. Hul puntetal is verder opgeskuif deur 'n doel wat vervyf is. 'n Strafskop van **Murray** en 'n skepskop van **Fanie** het die Pukke egter die oorwinning besorg.

* * *

Op Woensdag 14 Junie het P.U.K. vir die tweede keer van die jaar teen **Normaal** te staan gekom . Albei spanne het soos Trojane gespeel, en Theosmanne wat veral die oog gevang het was **Styger, Stoney, Platbos, Piet Viljoen** en **Brink.** P.U.K. het eerste punte aangeteken toe **Platbos** 'n strafskop in punte kon omskep. Daarna het Normaal geantwoord deur ook drie punte met 'n strafskop in te samel, en kort daarna het hulle weer 'n strafskop deur die pale gestuur. Na rustyd kon **Fanie Bezuidenhout** 'n onvervyfde drie aanteken. Die eindtelling was 6—6.

---

**Prof.** (looking at his watch): „As we have a few minutes, I should like to have some one ask a question that is bothering him."

**Student:** "What time is it please, sir?"

* * *

**Chris M.:** Wat is die groot ooreenkoms tussen 'n hond en 'n man?

**Johan L.:** Nee, ek weet nie.

**Chris:** Albei kan dood oor 'n been.

# IN GESELLIGE LUIM.

**Casper:** "My brother lost his sight through drink."

**Zoeloe:** "It serves me the other way—I see double."

* * *

**Pa:** „Hoekom het die onderwyser jou na skool gehou Pietjie?"

**Pietjie:** „Ons moes 'n opstel skryf oor ‚Die Gevolge van Luiheid' en toe gee ek 'n skoon papier in."

* * *

**Piet, P.:** "My brother is only happy when he is quarrelling."

**Piet V.:** "Then why doesn't he marry."

* * * *

**Bergh:** My face is going to be my fortune.

**Bob:** Never mind. The richest people aren't always happiest.

* * * *

**Harm:** Ek het gisteraand gedroom jy het my £5 gegee.

**At:** Ja, jy was 'n goeie seun; hou maar die £5.

* * * *

**Hennie Schutte:** Het ek jou fiets terug gebring mat ek verlede week geleen het?

**Rooi Koos:** Nee nog nie.

**Hennie:** D——d. ek wou dit weer geleen het.

* * *

**Grobbies aan gehoor:** : Julle moet my nie kwalik neem as ek miskien te lank praat nie, maar ongelukkig het ek nie 'n horlosie nie en in die saal is dalk nie een nie.

**Stem uit gehoor:** Daar agter jou is 'n almanak, man.

* * *

**Student aan meisie:** Ek kan 'n meisie se gevoelens teenoor my lees binne 'n minuut nadat ek met haar kennis gemaak het.

**Meisie:** Dan is jy seker nou vreeslik teleurgesteld.

* * *

**Santa Claus** is about the only man who pays attention to silk stockings when there is nothing in them.

* * *

„Waarom is julle vegatariërs?" vra 'n buitestaander aan 'n koshuisstudent.

**Student:** Die hooftafel kry al die vleis.





*Wapenskild van* **Die PAARL**

Die Paarl is een van die oudste nedersettings in Kaapland, en 'n vooruitstrewende vrugte- en wynsentrum. Hierdie eg Suid-Afrikaanse dorp ontleen sy naam aan 'n naby geleë granietrots en sy wapenskild aan die familiewapen van Kommissaris H. A. van Rheede, van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. Die leuse beteken: VIR DIE ALGEMENE WELSTAND. Net so eg Suid-Afrikaans in naam en tradisie is Ronde Kommando-sigarette wat nog steeds, eweas in die verlede, van die allerbeste produk van ons eie Suid-Afrikaanse boere gemaak word, deskundig vermeng om aan die smaak van Suid-Afrikaanse rokers te voldoen.

**RONDE**
**Kommando**

**20 vir 1/-, 50 vir 2/4**
**gewoon of kurk**

**In naam en tradisie, 'n eg Suid-Afrikaanse sigaret.**




***KOOP SUID-AFRIKAANS—***
**—KOOP KOMMANDO**

C 13 A


**C.P.V.:** Ek gaan nou ophou eet en voetbal speel!

**Cronjé, V.:** Veels geluk, wat is haar naam?

**Fanie, L.:** Hy is vanplan om sy kursus vaarwel te roep en hom toe te lê op skoonheidsmiddels, hy kam glo al sy hare en ooghare voor ete.

ELKE DAG VARS

TURKSTRA SE BAKKERY

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

KOM NA——

POTCHEFSTROOM HANDELAARS

Die mees bekende Afrikaanse Handelaars.

Fone: 259 & 250.
POTCHEFSTROOM.

VAN BLOMMESTEIN'S BOTTELSTOOR

NUWE GEBOUE
(Regoor Standard Bank)
King Edwardstraat,
POTCHEFSTROOM.
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."

Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

# I.S.: BRIEF VAN P.U.K. AAN P.O.K.-STUDENTE VOORGELEES"

**VERKLARING UITGEREIK DEUR DIE STUDENTERAAD EN STUDENTE VAN DIE P.U.K.**

**Om misverstand en verkeerde interpretasie by P.U.K.-studente, P.O.K.-studente, Staflede van beide inrigtings sowel as die publiek van Potchefstroom te voorkom, word die volgende verklaring uitgereik:**

„'n Brief wat ten tye van 'n byeenkoms van P.O.K.-studente voorgelees is, waarvan die inhoud onder andere meld dat die P.O.K. met 'n skool geassosieer word sowel as baie ander opmerkings wat teen die P.O.K. gemaak is, nie afkomstig is van **OF** een of ander offisiële instansie van die P.U.K., **OF** van 'n individuele student van die P.U.K. nie. Ons betreur die feit met skerp afkeuring dat die indruk doelbewus geskep is dat bogenoemde brief van die P.U.K. afkomstig is. Ons neem aan dat die doel van so 'n brief was om die gees van die P.O.K.-studente op te wek vir die voetbal botsing van 14 Junie. Met groot nadruk wil ons vra of die P.U.K. se naam nie valslik misbruik is om entoesiasme op te week by P.O.K.-studente teenoor die P.U.K.-studente nie?—entoesiasme wat in die praktyk op antipatie neerkom! Deur hierdie optrede is die P.U.K. ook by buitestaanders in 'n valse lig voorgestel. Met leedwese moet ons konstateer dat so 'n aanmatigende optrede die P.U.K. se studente se skerp kritiek wegdra. Kan 'n goeie gesindheid tussen die twee inrigtinge bevorder word as die P.O.K. deur middel van offisiële en doelbewuste metodes die skyn gee dat sy opponent geen welopgevoedheid besit nie? Dit terwille van eie gewin.

Voorts verklaar die P.U.K.-studente dat geen voorbereidings getref is om ons studente se sogenaamde gees op te wek vir die voetbalbotsing teen P.O.K. nie omdat ons die botsing as 'n gewone liga-botsing beskou het.

MAG HIERDIE VERKLARING ALLE MISVERSTAND UIT DIE WEG RUIM.

W. J. DE KLERK,
((Voorsitter, Studenteraad).

15 Junie 1950.
Namens die Studenteraad en Studente van die P.U.K.

## DIE A.B.K.K.-KONSERT.

**Op die 16de Junie gee die A.B.K.K. 'n musiek konsert in die Stadsaal.**

Met die ter perse gaan, staan ons op die vooraand van die opvoering.

Nou al kan gemeld word van die opofferende en gewillige hulp van so BAIE studente. Ons hartlikste dank aan AL DIE PERSONE wat verantwoordelik is vir die program. Ons dank ook aan DIE DAMES vir die groot bedrag waarvoor hulle kaartjies verkoop het. Die A.B.K.K. is met dankbaarheid bewus van elkeen se deel!

L. R. BOTHA
(Voors. A.B.K.K.)

## Uit ons Letterkundige Leesboek.

**Marakas:** Jock of the Bushveld.
**Helberg:** Vlam van die Bantamberge.
**Bets Kruger:** Mammon se afgronde.
**Soeloe:** Die gevalle indoena.
**Grobbies:** Die dans van die reën.
**Hettie Lategan:** Ek, ellendige mens.
**Rita O'Grady:** Te laat vir trane.
**Monica Venter:** Totram.
**Flappie:** Wuthering Heights.
**Hortentia:** Tussen die tuine.
**Hasie:** Stinkie.
**Hoppie en Wahl:** Die onmoontlike tweeling.
**Pinkie:** Oliver Twist.

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION

Agents for

KAISER-FRAZER MOTOR CARS AND FEDERAL TRUCKS.
Automobile Repairs — Petrol, Oils, and Greases.
Re-boring, Welding, Battery Charging, Spares, Accessories.

Phone 229. 166, King Edward Street,
POTCHEFSTROOM.

(Vervolg van Bls. 7, Kol. 3).
iets wil sê. Maar ons laat dit liewer aan Hélène oor:

**„Pukke, ek kan julle verseker elke korfbalspeelster se hart het gebons by die blote gedagte aan Intervarsity! Gaan ons egter speel teen U.P.? Nee, my liewe Pukke, Tukkies het mos geweier om volgens tradisie die tuisspan se spel nl. korfbal te speel. Al is ons klein en „minderwaardig" waarom moet ons buig? Het ons nie verlede jaar gaan Netbal speel op Tuks nie? Ons het verloor! Tereg ook, maar dis tog maar alles terwille van die gees, nie waar nie! Is die Tukkies dalk bang vir 'n neerlaag (1948) van 90—14? Ons sal nie 'n ander spel op ons laat afdwing nie!**

Toemaar korfbalspeelsters, offer intervarsity op, vir die behoud van korfbal op die P.U.K. Ek hoop ons sal die Tukkies volgende jaar in hulle eie spel kan kafdraf

Nou 'n laaste woordjie aan alle spanne wat teen Tuks gaan kragte meet—**al die dames wil die manspanne sterkte toewens. Ons moet en ons sal wen!!**

## Tennis.



Magda Kok.

**Pukke, hier is Magda se boodskap aan julle:** „Vir ons Pukke hou intervarsity-tennis net twee dinge in en dit is harde, sekure spel gepaard met 'n goeie gees. Daaruit vloei natuurlikerwys die uiteindelike oorwinning. **Die tennisspanne weet dat hulle met gedugte teëstanders te doen het, en dit dien alleen om die geesdrif nog hoër aan te blaas.** Die dames sowel as die mans-tennisspanne sien vol verwagting uit na die toernooie wat wag! Wees welkom hier in ons midde Tukkies, en moenie te selfversekerd wees nie."

## Jukskei.



Thresia Struwig.

**Thresia** se boodskap aan die jukskeilspeelsters is kort maar kragtig: „Ons weet Pukkies, dat julle die penne kan laat klap. Voordat die Tukkies nog hulle oë kan uitvrywe moet julle al skree: Skof mense! Sterkte Pukke, en slaan raak."

**Jan Booyens** luister nie musiek op Sondaemiddae nie. Hy slaap Sondaemiddae (ook).

* * *

Met die plaatopname van die teologiese studente se stemme het **Pierré Louw** se stem pragtig uitgekom—hulle het die plaat agteruit laat hardloop.

* * *

**Aalwyn Smit,** na aanleiding van „kry ek die ja-woord, wat 'n droom."

Ja, kêrels, as ek die ja-woord kry dan is dit 'n droom.

* * *

**Jan Booyens** het nou 'n splinternuwe metode om die kêrels ontuis in sy kamer te laat voel—hy maak hom aan die kant.

Helder u Klerekas op
met ons vlugtige
Droogskoonmaak Diens!
**Tweemaal per week na Johannesburg.**

U kan u klere by ons sub-agent by u koshuise inhandig.

BOTHA GOOSEN,
**POTCHEFSTROOM EN VENTERSDORP**

**Bespaar Tyd, Kragte en Skoene**



**aan te skaf.**

C. VAN DER MERWE,
**FIETSHANDELAAR.**
**Kerkstraat 92, Potchefstroom.**

**Die Firma van**
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**
Ook vervaardig ons
**FOTO-RAME.**

DAVY ROBERTSON
Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

*LEES*———

Die Westelike Stem

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

# *P.U.K. op Nigel-Skou verteenwoordig*

**Vrydagoggend om halfsewe het ou Hitler die gimnastiekmense voor Puk se hek opgelaai en spore gemaak Nigel toe. Op die lorrie was die brug, rekstang, die matte, bankies en bo-op en onder en tussenin was ons. Onder omstandighede was dit logies dat ons van die koue sommer kleingeld sou maak. Dit was die eerste keer dat die Oos-randse skou op Nigel plaasgevind het, en aan P.U.K. is die voorreg verleen om die besigheid af te rond met 'n gimnastiekvertoning.**

Oom Charlie se Kafee het seker lanklaas so 'n rumoerige spul belewe, maar dit was ons af-naweek . . .

Ons het op die skougronde temidde van die gewoel afgeklim, litte gerek, en gekyk hoe die interskool sportbyeenkoms afgehandel word. Om kwart oor twee het die gimnastiekvertoning 'n aanvang geneem, en ons het die tevredenheid gehad om die toeskouers tevrede te sien. Sake het bo verwagting gladweg afgeloop nieteenstaande daar maar 'n maand tyd was vir voorbereiding. Veral die dames het 'n puik vertoning gelewer onder die bekwame leiding van **Mej. du Preez** en **Mev. Loots.**


Verder is die toeskouers vermaak met 'n paar koort interskool rugbywedstryde, en in die aand met 'n goedvoorbereide reeks volksdanse en -speletjies.

Interessant die volgende dag was die vliegtuigvertoning, wat ongelukkig moes eindig toe twee persone hul lewens in 'n lugongeluk verloor het. Die hele middag is die atmosfeer „opgeluister" deur 'n swetterjoel Skotse danse.

Die hoogtepunt van die skou, so vertrou ons, is bereik toe die gimnaste weer hul buiging voor die pawiljoen gemaak het laat die aand. Dit was bitter koud en die dou op daardie gras was natter as op enige B-veld. Aan die organisasiewerk van **Dr. Smith** en die afrigtingswerk van **Mnr. Joubert, Mej. du Preez,** en **Mev. Loots** het egter niks gehaper nie. Die helfte was dus al gewonne en die res moes ons doen. Toe ons die eerste draai met die vrystaande oefeninge gooi, het ons geweet dat P.U.K. se naam weer 'n kerfie hoër opgeskuif gaan word. Die rekstang was bedrieglik glad, maar kophou was wagwoord. Die mat-, kas- en brugwerk het g'n moeilikhede opgelewer nie, en, met uitsonderinge van 'n paar misverstande tussen ons en die grond, het alles gladweg verloop.

**Die dames het hulself nogegens oortref, en die publiek getoon waarvoor die knuppels eintlik gemaak is.**

Toe ons om elfuur die laaste stuk apparaat in die wa van ou Hitler gooi, was daar nog drie uur se ry voor, maar dit was lekker . . .




Die dames van P.U.K. en U.P. wou ook kragte meet maar kon nie „'n basis van samewerking" kry nie. (Na aanleiding van Tukkies se weiering om as besoekende span borfbal te speel).

Tukkies: „Ons gebruik op ‚Tuks" nie koekrollers nie!"

# PROGRAM

| Sport: | Tyd: | Plek: |
|---|---|---|
| TENNIS | 8 v.m. | P.U.K.-baan. |
| JUKSKEI | 8 v.m. | P.U.K.-baan. |
| HOKKIE | | |
| (a) Dames 1e | 8.30 v.m. | P.U.K.-baan |
| (b) Mans 2e | 8.30 v.m. | Gimnasium-baan. |
| (c) Dames 2e | 10 v.m. | Gimnasium-baan. |
| (d) Mans 1e | 10 v.m. | P.U.K.-baan. |
| VOETBAL | | |
| (a) O/19A | 1.45 n.m. | Oliën-Park A |
| (b) O/19B | 1.45 n.m. | Oliën-Park B |
| (c) 2e Span | 2.45 n.m. | Oliën-Park A |
| (d) 1e Span | 4 n.m. | Oliën-Park A |

T. H. BOLTON (Edms) Bp.

BOU-AANNEMERS.

VIR ENIGE WERK IN WES-TRANSVAAL.

Adres: Kerkstraat 172, Tel. 718, POTCHEFSTROOM.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES